

Die Sabbat's leer, Die Heilige Naam Beweging, Fees & Wet onderhouding Teologie, Die gebruike van die Joodse tradisie soos die gebruik van die ramshoring, prayer shawl, toutjies wat teen die klere hang ens is alles vandag so deel van die kerk dat mens kan skaars die Kerk herken as die Kerk in hierdie tyd! Die Kerk het begin of 1 – Te verwerelds of 2 – Die valse leringe van ons tyd begin aanhang en in konteks van die boodskap, die Sabbat's leer

Mense dink deurdat hulle hierdie goed doen, hulle nader aan die HERE is, dat hulle 'n spesiale toegang het tot God. Daar is net een manier, dit is deur die Bloed van Jesus Christus.

Mense probeer Saligheid verkry deur die onderhouding van die Sabbat, WERKE!

Efes 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;

Efes 2:9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

Gal 2:16 terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.

Valse predikers met valse boodskappe is vandag besig om die Kerk in die Joodse tradisie in te vat:

Kol 2:16 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie,

Kol 2:17 wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.

Kol 2:18 Laat niemand julle van jul prys beroof nie, al sou hy behae hê in nederigheid en verering van die engele en indring in wat hy nie gesien het nie, en sonder oorsaak opgeblase wees deur sy vleeslike gesindheid,

Kol 2:19 en nie vashou aan die Hoof nie, uit wie die hele liggaam deur die gewigte en verbindings ondersteuning ontvang en saamgebind word en so met goddelike groei groot word.

Kol 2:20 As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge

Kol 2:21 soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? —

Kol 2:22 almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan—volgens die gebooië en leringe van mense,

Kol 2:23 wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdienste en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees.

Die hele wet (ingelsuit die Sabbat), sy verordeninge en feeste en offers, het gedui op een of ander wyse na Jesus Christus en dit wat Hy aan die kruis gedoen het!

Kol 2:16 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie,

Kol 2:17 wat 'n **skaduwee** is van die toekomstige dinge...

Heb 10:1 Want die wet, wat 'n **skaduwee** het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.

(Heb 9:8-11)

Die wet is vervul in elke opsig deur Jesus Christus alleenlik

Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, **maar om te vervul**.

Luk 16:16 **Die wet en die profete was tot op Johannes**; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin.

Rom 10:4 Want Christus is die **einde van die wet** tot geregtigheid vir elkeen wat glo.

Kol 2:14 en die **skuldbrief** teen ons, wat **met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael**,

Mense sal se daar is n verskil tussen die Wet van God en die Wet Van Moses

- Die wet van God en die wet van Moses is dieselfde
- 2Kor3 praat van die 10 gebooue waarvan die Sabbat deel is daarvan...
2Co 3:15 Ja, tot vandag toe, wanneer **Moses gelees word**, lê daar 'n bedekking oor hulle hart;

Joh 1:17 Want die **wet is deur Moses** gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

Wat was dan die doel van die wet?

2Kor 3:7 En as die **bediening van die dood**, met letters op **klippe gegraveer**, in heerlijkheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlijkheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan,

2Kor 3:8 hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie?

2Kor 3:9 Want as die **bediening wat veroordeel**, heerlijkheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlijkheid.

2Kor 3:10 Want wat verheerlik was, is ook in hierdie geval nie verheerlik nie, vanweë die alles oortreffende heerlijkheid.

2Kor 3:11 Want as wat **moes vergaan**, met heerlijkheid was, veel meer is wat moet bly, in heerlijkheid.

2Kor 3:12 Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid;

2Kor 3:13 nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die **einde van wat moes vergaan nie**.

2Kor 3:14 Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word.

2Kor 3:15 Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart;

2Kor 3:16 maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem.

2Kor 3:17 Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.

Rom 3:19 Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat **elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees;**

Rom 3:20 aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want **deur die wet is die kennis van sonde.**

Gal 3:24 Die wet was dus ons **tugmeester** na Christus toe, **sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.**

In 1844 het sommige dissipels van Moses 'n openbaring gehad dat die Sondag byeenkoms die merk van die dier is

- Nerens in die Bybel word dit aangehaal of verduidelik nie

Jesús Christus het op 'n Sondag opgestaan

- Mark16:1-2; Joh20:1; Open10:1

Nadat Jesús Christus opgestaan het het hy 2 keer saam Sy Dissipels op 'n Sondag vergader

- Joh20:19; 26

Die Dissipels het op Sondag bymekaar gekom

- Hand20:7 Die eerste dag van die week(Sondag) het hulle bymekaar gekom om brood te breek
- 1Kor16:1-2 Hulle moes met hulle samekoms n offerande opneem, op 'n Sondag

Die wet was gegee gewees op 'n Sondag, op pinkster

- Eks19
- Lev23: 15-16

Pinkster was op n Sondag gewees

- Lev23:15-16

Op Pinksterdag (Sondag) was die kerk gebore gewees.

- Op Pinksterdag dag, (Sondag) het 3000 siele tot bekering gekom

Enige aanduiding in die N.T dat ons die Sabbat moet onderhou?

- NERENS
- **Rom 14:5** Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.
- **Rom 14:6** Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here; en wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God.

Is dit 'n sonde om nie op die Joodse sabbat te rus nie?

- Glad nie
- Nerens in die NT staan geskrywe dat ons die Sabbat moet onderhou nie
- 9 van die 10 gebooie word in die N.T aangehaal as vrugte van die vlees, nerens staan dat die Sabbat brekers nie die koninkryk sal beerwe nie

Hand 15:5 sommige van die Fariseers wat gelowig geword het, wou he dat die nuwe bekeerlinge die wet van Moses moet onderhou. Maar by hierdie 1ste algemene vergadering van die broers in Jerusalem se hulle die volgende:

Hand 15:24 Aangesien ons gehoor het dat sommige wat van ons uitgegaan het, aan wie ons geen opdrag gegee het nie, julle met woorde ontstel en julle gemoedere verontrus deur te sê dat julle besny moet word **en die wet moet onderhou...** Hand 15:28 Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge:

Hand 15:29 dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!

- Hulle wie die Sabbat wil onderhou en ander leer om dit so te doen, doen dit self nie eers nie. Op die Sabbat mag daar geen kos gemaak word nie (Eks 16:23). Daar mag geen werk gedoen word nie (Eks 20:8-10). Bymekaar maak van hout (Num 15:32),. Geen reis (Eks 16:29) (Matt 24:20) (behalwe die sabbats reis)
- Elkeen wat die Sabbat breuk moet dood gemaak word Eks 31:15
- Jesus gee nerens herkening of opdrag vir die Sabbat nie. Jesus Christus is ons Sabbats rus
Heb 4:9 Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God;
Heb 4:10 want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.

Hulle offer soms geld om mense uit te daag om te bewys waar die Woord se dat Sondag nou die dag van aanbidding is... of om te se waar Jesus geleer het om nie die Sabbat te onderhou nie. Dit is albei kante toe

Die Sabbat is deel van die 10 gebooie, en hierdie wette is ontvang op Sinai

Gal 4:9 maar nou dat julle God ken, of liever deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien?

Gal 4:10 Julle neem dae en en maande en tye en jare waar.

Gal 4:11 Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het.

Gal 4:12 Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle. Julle het my geen onreg aangedoen nie;

Gal 4:13 maar julle weet dat ek ten gevolge van krankheid van die vlees die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het;

Gal 4:14 en julle het my beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie, maar julle het my ontvang as 'n engel van God, ja, as Christus Jesus.

Gal 4:15 Wat was dan julle saligprysing? Want ek getuig van julle dat julle, as dit moontlik was, jul oë uitgegrawe en vir my sou gegee het.

Gal 4:16 Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel?

Gal 4:17 Hulle ywer vir julle is nie goed nie, maar hulle wil ons buitensluit, sodat julle vir hulle kan ywer.

- Gal 4:18 Dit is goed as daar altyd geywer word in 'n goeie saak en nie alleen wanneer ek by julle teenwoordig is nie,
- Gal 4:19 my kinders, vir wie ek weer in barensnood is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry.
- Gal 4:20 En ek sou wens om nou by julle teenwoordig te wees en my stem te verander, want ek is buite raad met julle.
- Gal 4:21 Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie?
- Gal 4:22 Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye.
- Gal 4:23 Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte.
- Gal 4:24 Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar;
- Gal 4:25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny.
- Gal 4:26 Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal.
- Gal 4:27 Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.
- Gal 4:28 Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte;
- Gal 4:29 maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook.
- Gal 4:30 Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.
- Gal 4:31 Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye.

Daar is n groot gevaar vir die wat die wet (waarvandie Sabbat deel is daarvan) te probeer onderhou

- Gal 3:10 Want almal wat uit die werke van die wet is, **is onder die vloek**; want daar is geskrywe: **Vervloek is elkeen** wat nie **bly in alles** wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.
- Gal 3:11 En dat **niemand deur die wet by God geregverdig word nie**, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe.

Rom 2:12 Want almal wat sonder wet gesondig het, sal ook sonder wet verlore gaan; en almal wat **onder die wet gesondig** het, **sal deur die wet geoordeel word**;

Gal 5:4 Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.

Rom 6:14 Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.